**VOORKOMS EN KLEREDRAG: <u>DOGTERS</u>**

*(Uittreksel uit LEERDERBELEID)*

Wanneer gewone drag gedra word, is dit ‘n mondelinge ooreenkoms met die skool. Drag moet altyd aanvaarbaar wees.

1. **Skooldrag:**

Vir alle amptelike en nie-amptelike skoolfunksies, aktiwiteite en uitstappies is slegs die volgende kleredrag toelaatbaar: amptelike skooldrag of die amptelike goedgekeurde eenvormige, informele Montiedrag. Geen afwykings!

**Somersdrag**

Bruin romp of bruin langbroek, amptelike skoolhemp, oortrektrui, kort bruin skoolsokkies en donkerbruin skoolskoene. Romp mag nie opgerol word en die perke van welvoeglikheid oorskry nie. Romplengte: 5cm bo die boonste punt van die knie. Skooldas: Opsioneel

**Wintersdrag**

Bruin romp of langbroek, amptelike skoolhemp, skooldas, groen skoolbaadjie (nie verpligtend), groen trui/oortrektrui, lang kouse (dieselfde as seuns) of bruin sykouse en donkerbruin skoene. Die kleurbaadjie word by alle formele funksies gedra. Slegs amptelike skoolserp volgens voorskrifte mag gedra word. Romp mag nie opgerol word en die perke van welvoeglikheid oorskry nie. Romplengte: 5cm bo die boonste punt van die knie.

**Sportbyeenkomste**

Slegs amptelike skooldrag, voorgeskrewe Montie-sportdrag of ´n Montiehemp en Montiebroek en/of Montiesweetpak/sportbaadjie word toegelaat. Slegs die amptelike sportpet/hoed mag gedra word. Slegs amptelike sportsak en amptelike sportsokkies word toegelaat. Geen plakkies (behalwe in die atletiekseisioen) en “pumps” mag gedra word nie. Slegs sportskoene is toelaatbaar.

24.2 **Algemene voorkoms:**

24.2.1 **Hare**

24.2.1.1 Slegs netjiese aanvaarbare haarstyle word in die skool toegelaat. Die skool hou hom die reg voor om te besluit wat netjies en aanvaarbaar is.

24.2.1.2 Hare wat oor die onderkant van die kraag hang, moet vasgemaak word. As dit vasgemaak is, mag dit nie gepluiskam word, sodat dit woes staan nie.

24.2.1.3 Hare mag nie gekleur word nie. Gekleurde hare moet na die oorspronklike kleur terug gekleur word.

24.2.1.4 As ‘n kuif gedra word, moet dit ‘n netjiese kuif wees wat nie die wenkbroue mag raak nie of al die hare moet agtertoe gekam word. Kuif mag nie gekleur/ge-

"highlight" word nie en mag nie kolle hê nie. Geen los stukkies hare in die nek of langs die gesig word toegelaat nie.

24.2.1.5 Hare mag nie na skoolure losgemaak word as leerders nog in skooldrag en/of sportdrag is nie.

24.2.1.6 Kopdoeke en serpe om hare mee vas te maak, is ontoelaatbaar.

24.2.1.7 Hare mag nie in "steps" vasgemaak word nie.

24.2.1.8 "Dreadlocks" word nie toegelaat nie - geen krale mag ingevoeg word nie.

24.2.1.9 Vlegsels en verlengings:

- moet plat teen die kop gekam wees,
- mag slegs natuurlike kleur wees,
- moet vasgemaak wees as dit die kraag raak,
- geen "pom poms" toegelaat nie,
- geen versierings bv. kraletjies mag in die hare ingevleg of gebind word nie.

24.2.1.10 Slegs donkergroen, bruin, roomkleurige, wit, geel of swart haarversierings mag gedra word - geen neonkleure nie. Geen kopbande met versierings (blomme, vere, ens.) of gehekelde kopbande mag gedra word nie.

24.2.1.11 Haarstyle moet skooldrag komplimenteer.

24.2.1.12 Hare mag nie geskeer word om patrone te vorm nie.

24.2.2 **Grimering**

Geen grimering mag gedra word nie - ook nie permanente ooggrimering nie. Slegs kleurlose "lip-gloss" word toegelaat.

24.2.3 **Juwele**

24.2.3.1 Slegs die volgende juwele word toegelaat:
'n Polshorlosie wat by skooluniform pas; een stel oorkrabbetjies; een seëlring.

24.2.3.2 Goue of silwer knoppie deursteek oorkrabbetjies hoogstens 2mm in deursnee, klein ronde goue of silwer oorringetjies (16mm). 'n Groen of deurskynende steentjie is toelaatbaar. Roomkleurige pêrel oorkrabbertjies tot 'n maksimum deursnee van hoogstens 2mm mag saam met skooldrag gedra word.

24.2.3.3 Slegs een oorkrabbetjie per oor word toegelaat. As daar twee gaatjies is, mag net die onderste een 'n oorkrabbetjie in hê.

24.2.3.4 Daar moet 'n oorkrabbetjie in elke oor wees - die oorkrabbetjies moet eenders lyk.

24.2.3.5 Ongeoorloofde behangsels en juwele sal gekonfiskeer word. Leerders kan dit aan die einde van die kwartaal by die kantoor afhaal. Dit geld ook vir koper- of rumatiekarmbande. Geen gesigsjuwele word toegelaat nie.

24.2.4 **Naels**

24.2.4.1 Naels moet kort, netjies en skoon wees en mag nie oor die vingerpunte steek nie.

24.2.4.2 Slegs kleurlose naellak mag gedra word.
24.2.4.3 Geen Franse manikuur of vals naels is toelaatbaar nie.

24.2.5 **Algemeen**

24.2.5.1 Hemde moet ingesteek wees (behalwe in die geval van die nuwe amptelike dogterssnit), ook wanneer 'n trui bo-oor gedra word.
24.2.5.2 Truie en baadjies se moue mag nie opgestoot of afgerem word nie. Truie en baadjies mag ook nie oor die skouer gedra of om die lyf vasgemaak word nie. Te groot truie is ontoelaatbaar.
24.2.5.3 T-hemde of frokkies mag nie sigbaar wees onder skooldrag nie.
24.2.5.4 Donkerbruin skoolskoene moet altyd skoon wees. Geen 'vellies' mag gedra word nie.
24.2.5.5 Geen versiering of ander voorwerpe mag aan skooldrag gedra word nie. Slegs goedgekeurde balkies mag gedra word.
24.2.5.6 Geen tatoeëring word toegelaat nie.
24.2.5.7 Tydens informele dae en by sosiale funksies moet leerders welvoeglik geklee wees (volgens skool se diskresie).

**Skooldrag is beskikbaar by:**

1. Overkruin Uitrusters– Tel: (012) 567 2026
2. sCool Stuff – Tel: (012) 567 1101

**Die <u>nuwe sportdrag</u> kan direk by die skool aangekoop word en sal <u>stelselmatig</u> vanaf Januarie 2024 tot Desember 2025 <u>ingefaseer</u> word.**

## 25. VOORKOMS EN KLEREDRAG: <u>SEUNS</u>

(Verantwoordelike Departementshoof: Mnr. C. Terblanche)

25.1 **Skooldrag:**

Vir alle amptelike en nie-amptelike skoolfunksies, aktiwiteite en uitstappies is slegs die volgende kleredrag toelaatbaar: amptelike skooldrag of die amptelike goedgekeurde eenvormige, informele Montiedrag. Geen afwykings!

**Somersdrag**

Bruin kortbroek of langbroek, donkerbruin lyfband, roomkleur kortmouskoolhemp met oopslaankraag, lang skoolkouse en donkerbruin toerygskoolskoene. Geen enkelstewels of "vellies" word toegelaat nie.
Skooldas: Opsioneel

**Wintersdrag**

Bruin langbroek, donkerbruin lyfband, roomkleur langmouskoolhemp, skooldas, skoolbaadjie (nie verpligtend), skooltrui en lang kouse (dieselfde as vir somer) en

donkerbruin toerygskoene. Geen enkelstewels of “vellies” word toegelaat nie. Die kleurbaadjie word by alle formele funksies gedra.

**Sportbyeenkomste**

Slegs die volgende mag tydens die formele en informele sportbyeenkomste gedra word:

a) Amptelike skooldrag
b) Voorgeskrewe Montiedrag (Montiehemp en –broek en/of Montiesweetpak)
c) Amptelike sportdrag vir die verskillende sportsoorte
d) Die amptelike sportpet/hoed
e) Die amptelike sportsak en sportsokkies

25.2 **Algemene voorkoms:**

25.2.1 **Hare**

25.2.1.1 Seuns se hare moet KORT en NETJIES wees (nie langer as 6cm bo-op die kop). Geen afwykende haarstyle is aanvaarbaar nie. Die skool hou hom die reg voor om te besluit wat kort en netjies is.

25.2.1.2 Hare moet skoon wees en met ´n kam of borsel netjies en plat gekam wees.

25.2.1.3 Hare mag nie laer as ‘n vingerbreedte bokant die wenkbroue hang as dit vorentoe gekam word nie.

25.2.1.4 ‘n Bakkebaard mag nie laer as die middel van die oor wees nie.

25.2.1.5 Wanneer hare aan die een kant van die kop regaf gekam word, mag dit nie oor die ore hang nie; dit mag wel raak.

25.2.1.6 Hare in die nek mag nie los hang of weens die lengte daarvan krul nie. Hare moet geleidelik korter word na onder - dus ‘n vloeisnit.

25.2.1.7 Hare bo-op die kop moet kort wees sodat dit te alle tye netjies vertoon.

25.2.1.8 Hare of dele daarvan mag nie gekleur word nie. Gekleurde hare moet die volgende dag reggestel word.

25.2.1.9 “Dreadlocks”, “man-buns” en “mullets” word nie toegelaat nie en kraletjies mag nie in die hare ingevleg word nie. Geen verlengings en geen “pom-poms” nie. Vlegsels moet plat teen die kop wees en mag nie langer as die haarlyn wees nie.

25.2.1.10 Geen tatoeëring word toegelaat nie.

25.2.1.11 Hare mag nie geskeer word om patrone te vorm nie.

25.2.2 **Algemeen**

25.2.2.1 Skoene moet altyd skoon wees. **Geen ‘vellies’ mag gedra word nie.**

25.2.2.2 Moet te alle tye skoongeskeer wees.

25.2.2.3 Naels moet kort, skoon en netjies wees.

25.2.2.4 Volle skooldrag moet te alle tye gedra word.

25.2.2.5 Truie en baadjies se moue mag nie opgerol word nie.

25.2.2.6 Sportdrag: T-hemde of frokkie mag nie sigbaar onder skooldrag wees nie.

25.2.2.7 Geen armbande, kettings, hangertjies, oorringe en ringe mag gedra word nie. Sulke items sal gekonfiskeer word. Leerders kan sulke items aan die einde van die kwartaal opeis. Die dra van enige ongemagtigde juwele by enige skoolverwante funksie is verbode.

25.2.2.8 Hemde moet ingesteek wees. ASSEBLIEF!!!

25.2.2.9 Geen versierings of ander voorwerpe mag aan skooldrag gedra word nie. Slegs goedgekeurde balkies mag gedra word.

25.2.2.10 Tydens informele dae en by sosiale funksies moet leerders welvoeglik geklee wees (volgens skool se diskresie).